# 495 Weer dink ons aan die heil’ge nag




Hy kom wat hier Gods beeld vertoon,
gebore om as mens te woon;
Gods Seun word vlees, die Hemelheer,
God self, Hy kom, laat elk Hom eer.

O Seun van God, die mens gelyk,
vir wie verlaat U troon en ryk,
U wat die groot heelal regeer,
vir wie daal U op aarde neer?

Vir wie? Vir engele, o nee!
Hul deel ons slegs die boodskap mee:
Vir sondaars daal die Hemelheer,
vir arme sondaars daal Hy neer!

Laat ons nog eens die lied herhaal,
die engellied in mensetaal:
“Op aarde vrede, God die eer!”
Die mensdom heil, Gods Seun daal neer!

Kom, Christenskaar, kom sing dan bly,
dit is vir ons, vir u, vir my!
God wil ons om sy Seun vergeef,
dit is vir ons dat Jesus leef.

Ons buig ons neer op Gods bevel;
voor U, voor U, Immanuel;
voor U, wat smart en skaarste ly,
voor U, wat ons van skuld bevry!

Onbekend L. Bourgeois (1510-1561)